Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

23-04-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 14 VIR 2018

1 **KLEUTERATLETIEK:**
Baie dankie aan al die borge, ouers en kleuters wat bygedra het om die dag genotvol te maak.

2 **FONDSINSAMELING:**
Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018 - **alle boekies moet dan ingehandig word.**
Vir elke kaartjie wat verkoop is en nog verkoop gaan word, kry die leerling nog 'n kans om 'n prys te wen. Jou naam word in 'n boks gegooi en 'n trekking sal plaasvind. Die wenner ontvang 'n Heidelberg Mall geskenkbewys ter waarde van R600.

3 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**
Heidelberg Eisteddfod het reeds vir inskrywings gesluit, behalwe koor en instrumentaal wat uitgestel is. Hierdie items se deelname is eers in Augustus, dus sluit hul inskrywings Vrydag, 25 Mei. Die res van die afdelings vind plaas vanaf 14-26 Mei te Heidelberg Public School. Tye van deelname sal uitgegee word sodra dit ontvang is. Kunsstukke moet ingehandig word op Vrydag, 11 Mei by Juf Helanie. Die volgende moet agterop jou kunsstuk geskryf wees: Jou naam; Laer Volkskool Heidelberg, Jou Graad en jy moet 'n naam vir jou kunswerk gee bv. "My droom as veearts". Dit mag in Engels ook wees. Tema: Beroepe.

4 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:**
Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Hierdie afdeling sluit in: Afrikaanse en Engelse Voordrag en Redenaars/Spreekkuns. Sluitingsdatums vir inskrywings by Laer Volkskool is 1 Mei 2018. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Kostes beloop: Redenaars: Individueel - R40 en Onvoorbereid - R40; Gedigte - R35.
Let asb. daarop dat alle inskrywingsgelde kontant betaalbaar is. Die korrekte bedrag moet saam met u volledige inskrywingsvorm ingehandig word - geen kleingeld is beskikbaar nie. Inskrywingsvorms en gedigte is beskikbaar by Juf. Lizelle Botha (Gr R-3) en Juf. Helanie Willemse (Gr 4-7), asook Redenaar-inligting.

5 NETBAL 2018:

- Daar is geen netbaloefening Donderdag nie.
- 23 April 2018 C-spanne speel te Laerskool Republiek.
- 24 April 2018 A- en B-spanne Liga te Laerskool Vryheidsmonument.

6 MINI-NETBAL 2018:

Oefening hierdie week is slegs Maandag en Dinsdag, Geen oefening Donderdagmiddag nie.

7 RUGBY:

- 23 April 2018 - 0/9B EN 3de span te Laerskool Republiek.
- Normale oefentye vir alle rugbyspanne vir vandag en Dinsdag. **GEEN OEFENING DONDERDAG 26 APRIL 2018 NIE.**
- 3 Mei 2018 - Eerste Ligawedstyd teen Laerskool Eligwa vir o/9 - Eerste span te Vanderbijlpark.

8 KOOR:

- Juniorkoor oefen Maandag 14:00 tot 14:45.
- Seniorkoor oefen Woensdag 14:00 tot 15:45.
- Daar sal geen kooroefening wees op Maandag 30 April 2018 nie.

9 SPREEKKOOR:

Ons oefen Maandag, 23 April 2018 vanaf 13:00 - 13:45. Almal MOET asb. daar wees.
Eisteddfod is om die draai!
Daar sal geen oefening wees op Maandag 30 April 2018.

10 SKAAK:

Baie geluk aan al die Volkies wat Saterdag, aan die D7 Liga deelgeneem en puik presteer het. Ons is trots op elkeen!

11 HEMELVAART:

Donderdag, 10 Mei is Hemelvaart. Ons gaan weer as skool die diens in die Klipkerk bywoon. Die skool verdaag op daardie dag om 12:00. Daar sal geen buitemuurse aktiwiteite wees nie.

12. SKOOLGESONDHEIDSPROGRAM

Aangeheg sal u 'n toestemmingsvorm ontvang rakende vaksines. Dui aan in watter vaksines u belangstel Alle briewe moet teen Vrydag die 4de Mei terugbesorg word, selfs al sou daar geen belnagstelling wees nie.

13 EKSAMENROOSTER VIR JUNIE 2018:

DATUM	GR 4	GR 5	GR 6	GR 7
28 Mei	Afr	Afr	Afr	Afr
29 Mei	Geo	Geo	-	EBW
31 Mei	LV	LV	Gesk	Gesk
4 Junie				Teg
5 Junie	NW & Teg	NW & Teg	LV	NW
6 Junie			Geo	Geo
7 Junie	Eng	Eng	Eng	Eng
8 Junie				SK
11 Junie	Wisk	Wisk	Wisk	Wisk
12 Junie	Gesk	Gesk		LO
13 Junie			NW & Teg	

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF